Suid-Afrikaanse Stamboek- en Diereverbeteringsvereniging
(Geregistreer in terme van Wet 62 van 1998)
South African Stud Book and Animal Improvement Association
(Registered in terms of Act 62 of 1998)

SA STAMBOEK STUD BOOK

Adres/Address	Posbus / PO Box 270 BLOEMFONTEIN 9300
Telefoon/Telephone:	(051) 4100900
Faks/Fax:	(051) 447-3964
e-Pos/Mail:	info@studbook.co.za
Internet:	http://www.studbook.co.za

Lid van die Internasionale Komitee vir Diereverbetering
Member of the International Committee for Animal Recording

Verw./Ref.: 1/1 (H)
Datum/Date: 07 Oktober 2014

AAN: Rasdirekteure / Bestuurders / Sekretaresses
Alle Telersgenootskappe

Geagte Rasdirekteur/ Bestuurder / Sekretaresse

Ons ervaar heelwat telers wat, nou dat hulle gemaan word om hul uitstaande rekeninge vir die jaarlikse fooie te vereffen, te kenne gee dat hulle lankal by hul Genootskap bedank het en dat Stamboek hulle krediet moet gee.

Afgesien van die administratiewe las, gooi dit Stamboek se begroting omvêr. Ons het egter nie ‘n keuse nie, want as die teler eers bedank het, sal ons nie die geld uit hulle kry nie.

Graag doen ons ‘n vriendelike beroep op alle Genootskappe om asseblief enige bedankings so spoedig as moontlik deur te gee aan Philna Hattingh by Stamboek ten einde hierdie onnodige administrasie te voorkom.

Verder ervaar ons ook dat heelwat telers vra vir per kapita regstellings, nadat ons gefaktureer het. Dit is onaanvaarbaar, want hulle het meer as twee maande geleentheid gehad om hul per kapitas reg te stel en is verskeie kere kennis gegee, deur Stamboek en die Genootskappe, dat hul per kapitas teen einde Mei reggestel moet wees.

Ons sal hierdie saak ook weer aanspreek teen per kapita tyd in 2015.

Dankie vir u samewerking in hierdie verband.

Stamboek groete

DR PIERRE VAN ROOYEN
GENERAL MANAGER